# Fokus op boedelbeplanning

Liberty Groep Adviesdienste

Boedelbeplanning gaan nie net oor ryk mense wat belasting ontduik nie. Dit is eerder ‘n manier om te verseker dat jou afhanklikes versorg sal wees wanneer jy nie meer vir hulle kan sorg nie.

Die grootste deel van ons lewens word daaraan gewy om bates te versamel en een van die dryfvere daaragter is die begeerte om vir ons kinders  te voorsien.

‘n Goedbeplande boedel beskerm die hoop en drome wat jy vir jou afhanklikes koester. Die volgende tien punte moet in ag geneem word wanneer jy jou finansies beplan.

1. ‘n Geldige testament

   Hou jou testament eenvoudig om te verseker dat dit sin maak. Maak byvoorbeeld seker dat dit só geskryf is dat jy dit verstaan. Baie mense maak die fout om uit die graf te probeer regeer. Dit kompliseer die testament en maak dit moeilik om uit te voer.

2. ‘n Testamentêre trust

   ‘n Testamentêre trust is ‘n noodsaaklike deel van jou testament as daar minderjarige kinders betrokke is. Indien jy geskei is, verhinder ‘n testamentêre trust ook jou gewese eggenoot om toegang te hê tot jou kinders se erflating.

3. Maak voorsiening vir belasting

   Maak seker dat daar voldoende likiditeit in jou boedel is om met jou sterfte belasting te dek. Baie mense bemaak bates soos vakansiehuise aan hul kinders sonder om daaraan te dink dat, indien hulle nie die belasting of skuld kan betaal nie, die bates verkoop sal moet word. Verseker dat jy likiede bates of spesifieke lewensdekking in jou boedel het om hierdie belasting te dek en verpligtinge te kan nakom.

4. Jou huwelikskontrak

   Indien jy binne gemeenskap van goedere getroud is, is daar sekere wetlike bepalings wat jy moet verstaan voordat jy afstand doen van jou bates. Byvoorbeeld, as  jy jou huis aan jou kind uit ‘n vorige huwelik bemaak, maar jy is binne  gemeenskap van goedere getroud,, is jou huidige eggenoot geregtig op die helfte daarvan. Selfs as jy buite gemeenskap van goedere getroud is, maar in terme van die aanwasstelsel, sal jou eggenoot byvoorbeeld geregtig wees op R500 000 indien jou boedel tydens die huwelik met R1miljoen toegeneem het in waarde. Nog ‘n belangrike aspek van binne gemeenskap van goedere getroud te wees, is waaruit jou boedel bestaan. Wanneer jou eggenoot te sterwe kom, sal die boedel al jou bates en laste insluit, sowel as die van jou eggenoot. Derhalwe sal die eksekuteursgelde van 3.5% plus BTW ook op jou bates van toepassing wees. Die hele boedel sal gevries

word en daarom is dit belangrik dat jy en jou eggenoot lewensdekking uitneem om onmiddellike likiditeit aan die oorlewende eggenoot te verseker, sowel as om die potensiële eksekuteursgelde vir die hele boedel te kan betaal

### 5. Die keuse van ‘n eksekuteur

Dt is belangrik om ‘n eksekuteur te vind wat kundig is op die gebied van boedelwetgewing. Om koste te bespaar deur ‘n familielid te kies, kan jou afhanklikes uiteindelik duur te staan kom omdat dit langer kan neem om die boedel af te handel. Onderhandel in jou testament oor die gelde deur te bepaal dat ‘n afslag sal geld indien die boedel meer as ‘n sekere bedrag werd is.

### 6. Likiditeit deur jou polisse

‘n Lewenspolis wat onmiddellike kontantvloei aan jou afhanklikes bied, is ‘n noodsaaklikheid. Dit kan tussen 12 en 18 maande neem om ‘n boedel af te handel. ‘n Lewenspolis sal dadelik uitbetaal en val nie onder die eksekuteur nie. Voorts kan die opbrengs van ‘n lewenspolis ook nie deur krediteure opgeëis word as jou boedel insolvent is nie. (Dit geld egter nie as jy binne gemeenskap van goedere getroud is nie, of as jy borg geteken het vir jou eggenoot se skuld nie). ‘n Pensioenfonds of ‘n aftree-annuïteit is nie ‘n plaasvervanger vir lewensdekking as die finale beslissing van wie die opbrengs moet kry, aan die trustees oorgelaat word nie. Hulle kan tot 12 maande neem om uitsluitsel te gee.

### 7. Gebruik jou korting

‘n Korting is ‘n deel van jou boedel wat uitgesluit is van boedelbelasting. Individue kwalifiseer huidiglik vir ‘n korting van R3.5 miljoen. Van 2010 sal jou R3.5 miljoen boedelbelasting-korting oorgedra word na jou eggenoot se boedel indien jy alles aan hom/haar nagelaat het. Dit beteken dat jou eggenoot geregtig sal wees op boedelbelasting-korting van R7 miljoen op sy/haar boedel. Dit is egter steeds die moeite werd om te oorweeg om jou korting te gebruik om bates aan jou kinders na te laat, aangesien jou eggenoot weer kan trou en dan ongeag jou bedoeling, geen bates aan jou kinders nagelaat word nie. Geen boedelbelasting is betaalbaar op enige bates wat jy aan jou eggenoot nalaat nie.

### 8. Oorweeg jou buitelandse bates

Buitelandse bates word gereken as ‘n deel van jou Suid-Afrikaanse boedel. Jy moet weet of die land waar jou bates gehou word, ‘n dubbele belasting-ooreenkoms met Suid-Afriika het. Dit is ook prakties om ‘n afsonderlike testament in die ander land te hê, aangesien dit sal help met die boedelbereddering.

### 9. Belasting van aftreefondse

Sedert 2009 is boedelbelasting nie meer van toepassing op aftreefondse nie, mits jy belastingkorting op jou bydraes ontvang het. Inkomstebelasting bly egter steeds daarop van toepassing.

### 10. Verstaan die belasting op kapitaalwins

Daar is drie soorte belasting betaalbaar deur jou boedel: boedelbelasting, inkomstebelasting en kapitaalwinsbelasting. As jy jou huis aan jou eggenoot bemaak, sal geen belasting

betaalbaar wees nie. Indien jy egter jou huis aan jou kinders nalaat, sal sowel boedelbelasting as kapitaalwinsbelasting verskuldig wees, selfs al word die huis nie verkoop nie. Byvoorbeeld as jy die huis teen R1miljoen gekoop het en dit word by jou sterfte op R3 miljoen gewaardeer, sal jou boedel na primêre residensie-uitsluiting van R1.5 miljoen, kapitaalwinsbelasting op die kapitaalwins van R500 000 moet betaal. Sodra die kapitaalwinsbelasting betaal is, is die nuwe basiskoste van die eiendom R3 miljoen en as die begunstigdes dit sou verkoop, sou hulle net op ‘n bedrag bo R3 miljoen kapitaalwinsbelasting betaal. By sterfte is daar ‘n uitsluiting van R120 000 van toepassing op kapitaalwinsbelasting.